

Ontmoeting 6:

DIE ROEPING VAN DIE DISSIPELS

Matt 4:18-23

Jesus se dissipels was gewone mense

Hulpmiddels: Babapoeier en 'n plat bak
Skryfbehoeftes en skoon papier
Afdrukke van die geboue



WELKOM

1. **Groepies maak:** Speel 'n speletjie waar groepe van verskillende hoeveelhede gemaak word. Die leier roep uit: "Maak groepe van 3"; wag tot almal in groepe is en roep 'n volgende nommer uit. Stop by 12. Jesus het vir Hom 'n groep van 12 dissipels gekies.
2. **Babapoeier voetspore:** Gooi babapoeier in 'n plat bak en trap voetspore in 'n lokaal. Laat die kinders presies in jou voetspore loop en by jou bestemming uitkom. Gee soms kort treetjies en soms langer tree.

Liedere: Visvang vir Jesus
Ek maak jul tot vissers van mense
I have decided to follow Jesus



WYDING

Stilword ritueel

Temalied: "Jesus be the center"

Gebed: Die leier bid elke keer 'n sinnetjie en die groep herhaal dit saam.

"Dankie Heer vir hierdie dag."
"Dankie dat ek ook mag leef."
"Dankie dat die Bybel vir my sê dat U my liefhet."
"Dankie dat U mens geword het en vir ons die pad kom loop het."
"Help ons om U ook te volg..."
"...soos ons nou in die gebed ons leier gevolg het."
"Amen"



WOORD

In Jesus se tyd was daar Rabbi's en dissipels. Rabbi's was die slim, geleerde mense wat alles van die Ou Testament en die lewe geweet het. Hulle het elke 2 jaar vir hulle jongmanne gekies wat vir die volgende 2 jaar saam met hulle sou leef sodat hulle alles wat die Rabbi weet, kon leer. Die wat gekies is, was net die heel slimstes en die heel soetstes. Dit was 'n baie groot eer om deur 'n rabbi gekies te word. Enige jong kind wat daarom deur 'n Rabbi gevra sou word, sou hom blindelings gevolg het. Blindelings beteken dat jy alles net so sou los en iemand sal volg, sonder dat jy weet waarheen julle gaan of wat gaan gebeur.

As jy nie deur 'n Rabbi gekies word nie, moes jy maar dieselfde werk gaan doen het as jou pa, soos om houtwerk te doen of om 'n visserman te word of te gaan boer. Jesus was

baie slimmer as die Rabbi's. Hy het vir Hom dissipels gekies het. Jesus het nie die slimstes of die soetstes gekies nie. Hy het gewone mense gekies. Meeste van Jesus se dissipels was vissermanne en die ander Rabbi's het nie gedink hulle is goed genoeg nie.

Die eerste vier dissipels wat Jesus geroep het, was Simon Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes. Ons deel in 4 groepe en noem die groepe: 'Petrus', 'Andreas', 'Jakobus' en 'Johannes'.

Om te beleef hoe voel dit om iemand blindelings te volg, laat die kinders hulle oë toemaak en lei 'n groepie op 'n slag op 'n eenvoudige roete deur die vertrek. Laat almal hul oë toehou totdat almal deur die vertrek gelei is en lees nou Matt 4:18-23.

Die kinders dink oor die verhaal

1. Ek wonder van watter deel van die storie het jy die meeste gehou?
2. Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste?
3. Ek wonder wie is jy in die storie?
4. Ek wonder of daar 'n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie?



WERSKAF

Gee aan kinders die geleentheid om een van die moontlikhede wat genoem word te kies en kreatief tyd daaraan te spandeer. Ek wonder watter groep mense is vir jou belangrik?

- Miskien wil jy jou voet afteken op papier en versier.
- Miskien wil jy kyk na die volgende 3 geboue en dink hoe ons Jesus volg in hierdie plekke?
- Miskien wil jy iets of iemand teken wat vandag vir jou belangrik is.

Opruim en Seëngroet



